Adullam Sending



# Gebedsbrief

*... een in liefde, een van hart, een in strewe*




## Indien u betrokke wil raak

Indien die Here dit op u hart lê en u graag by Adullam Sending se projekte betrokke wil raak, is u welkom om ons te kontak. Adullam Kantoor: Tel (017) 689 2001 / 4 of E-pos: adullamaca@secunda.co.za. Die Here seën u!

## Gebedsverhoring

Die Woord leer ons dat ons oor niks besorg moet wees nie, maar in alles ons begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend moet maak. (Filippense 4:6)

Vandag kan ons weereens getuig hoe die Here in Sy groot getrouheid nog 'n gebedsbehoefte verhoor het:

### Die Sendingkombuis word 'n Permanente Struktuur

Adullam Sending se bestaande kombuisgebou is 'n tydelike struktuur van sink - in die wintermaande is dit ysig en gedurende die somermaande baie warm met nie genoegsame ventilasie nie. Die nood vir opgradering van die bestaande kombuisfasiliteite het noodsaaklik begin word, omdat die werk van die kombuis geweldig toegeneem het en las op die personeel verdubbel het.

Ons kombuispersoneel (bestaande slegs uit vroue) bedien daagliks drie etes aan tussen 250 en 300 individue. Dit sluit medewerkers en hul gesinne, koshuisstudente, besoekers vir geestelike hulp en gaste in. Kos moet in swaar potte omgeroer en ver na opdieningspunte en weer terug na die opwasarea gedra word. Vragte skottelgoed word ook per hand versorg. Die nuwe struktuur se uitleg spreek die volgende (beplande) behoeftes aan:

- Bedieningsarea: Voedsel sal direk vanuit die kombuis bedien kan word. Swaar potte hoef dus nie meer vir bedienings/opskepdoeleindes so ver na die eetsaal rondgeskuif te word nie
- Opwasarea: Ons bid vir 'n industriële skottelgoedwasser om arbeid, higiëne en produktiwiteit te balanseer
- Kookgeriewe: Aardgas tot ons beskikking kan dan beter benut word en oonde en stowe sal bymekaar wees
- Vriesgeriewe: Vergroting van bestaande vries en koelkamers om die groeiende behoefte te akkommodeer
- Stoorgeriewe: Aanbring van rakke in die nuwe spens sal die bestuur van voedsel vergemaklik
- Afvoergeriewe: Nuwe afvoergeriewe sal ons in staat kan stel om skottelgoedwaswater te suiwer (van soliede afval en vette opvang), sodat dit verder in die rioolstelsel afgevoer kan word
- Afleweringsone: Onderdak aflaai van produkte ens te vergemaklik

**Bid asseblief saam met ons vir** 'n industriele skottelgoedwasser en afdroograkke (drip-dry-sisteem) sowel as vir die nodige finansies om hierdie projek te voltooi. Ook vir die verdere beoogde opgraderings van die tweede helfte wat die eetsaal gedeelte sal insluit.

### Vordering van die Bouproses:



**KOMBUIS GEBOU I: Sinkstruktuur is afgebreek en word vervang deur bakstene.**



**KOMBUIS GEBOU II: Amper dakhoogte**



**KOMBUIS GEBOU III: Die voltooide struktuur. Werkers is tans besig met pleistering sowel as die aanlê van water en elektrisiteit.**

UITGAWE: September 2009

# Bybelskool

Vyf voltydse en drie deeltydse Bybelskoolstudente het die Timoteus Opleiding kursus suksesvol voltooi. Ons bid dat die kennis wat hulle opgedoen het, waarlik vrug in hul lewens sal dra. Ook dat daar, waarheen die Here hulle mag stuur om Sy Woord te gaan bedien, siele vir die Koninkryk gewen sal word.

# Besoekers vir Geestelike Hulp

Bid asseblief dat elke soekende individu wat op Adullam Sending aankom, werklik erns met die Here sal maak in die tyd wat hulle hier is. Bid dat hulle hul nood sal besef en werklik die Here se aangesig in hul lewens sal soek.
**Bid saam met ons vir werklike bekerings**

# Meisieskoshuis

Ons is baie dankbaar vir die toewyding van die personeel wat diens doen in die meisieskoshuis. Ons personeel het werklik 'n hart vir die kinders en vir die bediening wat hulle opgelê is. Die senior dogters se mooi gesindhede en hulp, veral met die roetines ens van die kleintjies (Graad 1 tot 3) is ook vir ons tot groot seën.
**Bid saam met ons dat elke personeellid se lewe vrug in die lewens van ons koshuisstudente sal dra.**

# Veilige Hawe

Adullam Sending is deur die landdros van die streekshof aangewys as 'n veilige hawe vir kinders. Nege kinders is al amptelik aan ons toegewys. Baie ander kinders se sake is nog in die proses van ondersoek en afhandeling. Kinders word net hier afgelaai, ander kom klop self aan vir hulp en nog ander se families gee hulle weg.

In die lig van mensehandel (human trafficking) met die oog op die Wêreldsokker 2010, sê die Christelike Maatskaplike Raad (CMR) dat dit 'n wesenlike problem en gevaar vir kinders in ons omgewing is. Ons streek is een van nege in Suid Afrika wat teikengebiede is omdat daar geen paraatheid en sisteme in plek is om díe situasie te hanteer en te voorkom nie.

Die kinders tans hier by ons is veilig en gelukkig. Ons is besig met 'n immuniseringsprogram om al diesulkes van die nodige immuniserings te voorsien. Met die hulp van vrywilligers het ons 'n vakansieskoolprogram begin om kinders besig te hou en allerlei vaardighede te leer sowel as om na die kinders uit te reik en verhoudings met hulle te bou.

**Bid saam met ons vir redding van hierdie kinders.**

# Hidroponiese Projek

Die vierde struktuur (multi-span wat drie standaard struktuur-groottes aanmekaar is) is suksesvol voltooi. 'n Derde van die area is beplant en word reeds hidroponies verbou. Die kleiner tonnels lewer tans hul eerste oes en positiewe terugvoer oor die goeie kwaliteit van die tamaties is ontvang. Ons is baie dankbaar vir al die hulp beide intern en ekstern om hierdie projek op die been te kon bring. Ons is ook baie dankbaar vir die verhittingsmasjien wat hierdie winter die plante teen die ysige koue beskerm het.

**Bid asseblief saam met ons vir** getroue werkers en gewillige harte. Bekering onder werkers. Beskerming teen peste, plae en siektes, sowel as vir die nodige kennis om dit suksesvol te kan voorkom en/of bestry. Beskerming teen diefstal. Die voorsiening van die nodige finansies om die laaste twee derdes van die multispan te kan plant, en ons eie veiligheid.

**Net 'n Gedagte: Goedhartigheid is 'n taal wat dowes kan hoor en blindes kan sien.**



